Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# BESIGHEIDSTUDIES

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit VYF vrae.
   Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|---|
| **A:** | **Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **40** | **30 minute** |
| **B:** | **VYF direkte/indirekte tipe vrae KEUSE (Beantwoord enige DRIE.)** | **2** | **60** | **30 minute** |
| | | **3** | **60** | **30 minute** |
| | | **4** | **60** | **30 minute** |
| | | **5** | **60** | **30 minute** |
| | | **6** | **60** | **30 minute** |
| **C:** | **VIER opsteltipe vrae KEUSE (Beantwoord enige TWEE.)** | **7** | **40** | **30 minute** |
| | | **8** | **40** | **30 minute** |
| | | **9** | **40** | **30 minute** |
| | | **10** | **40** | **30 minute** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 E.

1.1.1 Uitdaging van die makro-omgewing:

A Moeilike werknemers
B Gebrek aan visie en missie
C Veranderinge in verbruikersgedrag
D Politiese veranderinge

1.1.2 ... lening verwys na die toestaan van klein lenings aan mense wat nie krediet van banke van kry nie.

A Mikro-
B Mark-
C Makro-
D Primêre

1.1.3 Tussengangers is in die … sektor van die ekonomie werksaam.

A mark-
B primêre
C sekondêre
D tersiêre

1.1.4 … van besighede word dikwels gedefinieer as die bestuur van die drievoudige sleutelaspekte.

A Sukses
B Volhoubaarheid
C Winsgewendheid
D Produktiwiteit

1.1.5 ŉ Vennootskap het …

A beperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit.
B onbeperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit.
C beperkte aanspreeklikheid en onbeperkte kontinuïteit.
D onbeperkte aanspreeklikheid en beperkte kontinuïteit.

1.1.6 ŉ Voordeel om van eie fondse as ŉ bron van finansiering vir ŉ besigheid gebruik te maak, is:

A Geen rente word op die fondse betaal nie
B Lae rente word op die fondse betaal
C Lae rente kan onderhandel word
D Geen rente word in die eerste jaar betaal nie

1.1.7 Die …-teorie bepaal dat besigheidsprosesse verbeter moet word om verandering doeltreffend te hanteer.

A Kaizen-model
B John Kotter se veranderingsmodel
C Totale gehaltebestuur
D Besigheidsproses-herontwerp

1.1.8 Die Belbin-rolteorie is in drie kategorieë georganiseer, naamlik …

A denke, aksie en koördineerder.
B denke, aksie en mense.
C planter, spesialis en monitor-evalueerder.
D vormer, implementeerder en voltooier.

1.1.9 Die Wet op ... stipuleer die regte van werknemers en werkgewers en voorsien vir kollektiewe bedinging in die werkplek.

A Basiese Diensvoorwaardes
B Gelyke indiensneming
C Arbeidsverhoudinge
D Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes

1.1.10 ... is die berekening om te bepaal hoeveel eenhede ŉ besigheid moet verkoop voor ŉ wins gemaak word.

A Wins
B Totale koste
C Koste per eenheid
D Gelykbreekanalise (10 x 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Elke woord mag net EEN keer gebruik word.

| |
|---|
| verkryging; afbetalingsverkoopooreenkoms; Belbin-rol; 10; aanstellingsbrief; alliansie; Jungian; 8; werknemerskontrak; verbandlenings |

1.2.1 ŉ … is wanneer een besigheid ŉ ander besigheid koop.

1.2.2 … finansier die aankoop van vaste eiendom.

1.2.3 … se spandinamika-teorie is op vier funksionele tipes gebaseer, naamlik denke, gevoel, sensasie en intuïsie.

1.2.4 Werknemers kan slegs ŉ maksimum van ... ure per week oortyd werk.

1.2.5 … is ŉ geskrewe aanbod van indiensneming wat aan die suksesvolle kandidaat gemaak word. (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Strategiese bondgenoot-ooreenkoms | A | ŉ Voorbeeld van ŉ groepkonsensus |
| 1.3.2 | Oortrokke bankrekeningfasiliteit | B | ŉ Voorbeeld van magsverhoudings |
| 1.3.3 | Konflik | C | Die toename in beweging van mense, goedere, kapitaal en idees oor landsgrense |
| 1.3.4 | Globalisering | D | Om onregverdige diskriminasie te uit te skakel |
| 1.3.5 | Interne werwing | E | Korttermynlening van die bank |
| | | F | Om nuwe werkers buite die besigheid te kry |
| | | G | ŉ Voorbeeld van sonering |
| | | H | ŉ Meningsverskil tussen mense |
| | | I | Langtermynlening van ŉ bank |
| | | J | Om werkers binne die besigheid te kry |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ nuwe bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese kwessies wat van toepassing is op elk van die onderstaande scenario's.

2.1.1 ŉ Verhoging in die prys van brandstof, kunsmis en landbouprodukte.

2.1.2 Mnr Green stuur seksuele beelde aan ŉ vroulike kollega.

2.1.3 Slegs die eienaar van intellektuele eiendom het die reg om dit te vervaardig en kopieer.

2.1.4 Soms sal ander lande hulle oortollige, goedkoop produkte na Suid-Afrikaanse markte bring.

2.1.5 NUMSA geaffilieerde lede weier om te werk in ŉ poging om die werkgewers te dwing om aan hul eise te voldoen. (10)

2.2 Omskryf in breë trekke VIER uitdagings in die mikro-omgewing. (8)

2.3 Verduidelik maniere waarop besighede invloedwerwing kan gebruik om wedersydse vertroue te verkry. (10)

2.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BLUE SKY LUGREDERYE**

Blue Sky-lugrederye staar ŉ 30 persent verhoging in brandstofkoste in die gesig. Hulle verloor besprekings aan Cape Coast Lugrederye en hulle kontantvloei is krities van aard.

2.4.1 Noem die besigheidsektor waarin Blue Sky-lugrederye bedryf word. Motiveer jou antwoord. (3)

2.4.2 Klassifiseer die uitdagings van Blue Sky-lugrederye volgens die DRIE besigheidsomgewings. Dui die mate van beheer wat Blue Sky-lugrederye oor elke omgewing het. Teken die onderstaande tabel in die ANTWOORDEBOEK om jou antwoord aan te bied.

| Uitdaging | Omgewing | Mate van beheer |
|---|---|---|
| | Mikro | |
| | Mark | |
| | Makro | |

(9)

2.5 Verduidelik hoe besighede magsverhoudinge vorm. (8)

2.6 Beskryf die impak van rowery op besighede. (6)

2.7 Stel maniere voor waarop besighede ŉ sterk verhouding met verskaffers kan ontwikkel. (6)

**[60]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Noem VIER eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (4)

3.2 Identifiseer die ondernemingsvorm wat in elkeen van die volgende onderstaande stellings van toepassing is.

3.2.1 Die instelling fokus nie op optimale wins nie, maar verskaf 'n diens aan sy lede.

3.2.2 Al die direkteure is gesamentlik en afsonderlik saam die besigheid aanspreeklik vir die skuld van die besigheid.

3.2.3 Afhanklik van skenkings en donasies van fondsinsamelings as 'n bron van kapitaal.

3.2.4 Die naam eindig op (Edms.) Bpk.

3.2.5 Die besigheid word deur een persoon besit en het onbeperkte aanspreeklikheid. (10)

3.3 Beskryf die volgende beplanningsmiddele was nodig is om 'n besigheidsplan in 'n aksieplan te omskep:

3.3.1 Gantt-grafieke (4)

3.3.2 Tydlyne (4)

3.3.3 Projekbeplanning (4)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **MEGA HANDELAARS** |
|---|
| Mega Handelaars maak van strooibiljette gebruik om hulle produkte te adverteer. Die rede waarom Dube, die eienaar van strooibiljette gebruik maak is omdat dit goedkoop is en hy self die strooibiljet kan ontwerp. |

3.4.1 Haal TWEE redes uit die scenario aan vir Dube se besluit om strooibiljette te gebruik om Mega Handelaars se produkte te adverteer. (2)

3.4.2 Noem VIER riglyne wat Dube in gedagte moet hou wanneer 'n strooibiljet ontwerp word. (8)

3.5 Verduidelik hoe om terugvoer na 'n aanbieding in 'n nie-aggressiewe en professionele manier te hanteer. (10)

3.6 Bespreek die voordele van 'n verhuringsooreenkoms/bruikhuur. (6)

3.7 Stel faktore voor wat oorweeg moet word voordat 'n besigheid begin word. (8)

**[60]**

## VRAAG 4: BESIGHEIDSROLLE

4.1 Noem enige VYF oorsake van konflik in die werkplek. (5)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FLYING HIGH**

Flying High is ŉ reisagentskap wat vervoer- en akkommodasie-besprekings vir internasionale sportspanne bied. Hulle bevind dat meer spanne hulle eie besprekings hanteer en is bekommerd dat hulle een van die dae nie meer baie besigheid gaan hê nie. Die bestuur van Flying High het besluit om ŉ groep sakekenners te versoek om vraelyste te voltooi om te help om hulle probleem op te los.

4.2.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur Flying High gebruik is om hul probleem op te los. Motiveer jou antwoord. (3)

4.2.2 Verduidelik aan Flying High die voordele van die probleemoplossingstegniek in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer. (6)

4.3 Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (10)

4.4 Onderskei tussen *etiek* en *professionaliteit*. (8)

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ABSA WWK-PROJEK**

Die projek ondersteun weeskinders en weerlose kinders (WWK) in die Gqebera/Walmer-woongebied deur die stigting van ŉ Kinderomgee-forum. Die projek behels die identifisering van 80 WWK families as begunstigdes van die Absa program en die opleiding van 15 versorgers wat aan die huishoudings toegewys sal word om die vordering van die kinders te monitor.

[Bron: The Small Projects Foundation]

4.5.1 Identifiseer DRIE maniere waarop hierdie projek direkte hulp aan wees- en weerlose kinders in Gqebera/Walmer-woongebied verskaf. (3)

4.5.2 Gee VYF burgerskaprolle en verantwoordelikhede wat ABSA binne die besigheidsomgewing moet uitvoer. (5)

4.5.3 Analiseer die rol wat ABSA kan speel in die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van gemeenskappe. (4)

4.6 Bespreek die volgende teorieë van etiek:

4.6.1 Konsekwensieteorie (4)

4.6.2 Die algemene goeie benadering (4)

4.7 Stel strategieë voor wat besighede kan gebruik om regstellende aksie te hanteer. (8)

**[60]**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

5.1 Lys VIER komponente van die bemarkingskommunikasiebeleid. (4)

5.2 Identifiseer die bemarkingsaktiwiteit wat van toepassing op die volgende stellings is:

5.2.1 Die veilige bewaring van produkte totdat die verbruikers dit benodig

5.2.2 Die verkryging van betroubare inligting van verbruikers aan wie die besigheid sy produkte verkoop

5.2.3 Om die besigheid te dek teen verliese wat die besigheid mag lei as gevolg van menslike, fisiese of ekonomiese risiko's (3 x 2) (6)

5.3 Onderskei tussen advertering en publisiteit. (8)

5.4 Bespreek die belangrikheid van handelsmerke vir 'n besigheid. (8)

5.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **RED TIN (EDMS.) BPK.** |
| --- |
| Red Tin (Edms.) Bpk. vervaardig groot hoeveelhede identiese blikke deur van massaproduksie gebruik te maak. Hulle gebruik enkeldoelige masjiene. Die masjiene moet gebalanseer word sodat daar 'n konstante vloei van goedere is en die vloeroppervlak effektief benut word. |

5.5.1 Identifiseer VIER karaktereienskappe van massaproduksie in die bostaande scenario. (4)

5.5.2 Verduidelik die voordele van massaproduksie. (10)

5.5.3 Beveel voorkomende maatreëls wat Red Tin (Edms.) Bpk. ten opsigte van masjinerie kan gebruik. (8)

5.6 Verduidelik die verskille tussen stukwerk- en tydverwante salarisbepalingstelsel. (4)

5.7 Beveel maniere waarop 'n besigheid aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, (Wet nr. 85 van 1993) kan voldoen. (8)

**[60]**

## VRAAG 6: VERSKILLENDE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWING

6.1 Identifiseer die komponent van die makro omgewing wat op elkeen van die volgende uitdagings van toepassing is:

6.1.1 Nuwe tegnologie maak bestaande produkte nutteloos

6.1.2 Invloed van hoë of lae rentekoerse

6.1.3 Indiensnemingsbeperking

6.1.4 Die graad van staatsinmenging in die ekonomie

6.1.5 Die verval van morele waardes wat lei na korrupsie en ander misdade (10)

6.2 Stel TWEE maniere voor waarop ŉ besigheid homself van sy mededingers kan onderskei. (4)

### BESIGHEIDSGELEENTHEID

6.3 Identifiseer die visuele hulpmiddel wat van toepassing op die onderstaande stellings is.

6.3.1 Word gebruik waar die inligting baie detail bevat en die aanbieder wil hê dat die gehoor ŉ volledige weergawe van die aanbieding het.

6.3.2 Word gebruik om ŉ proses of prosedure te vertoon.

6.3.3 Skyfies met inligting wat op ŉ skerm gewys word.

6.3.4 Dit word gebruik om die hele eenheid sowel as die proporsies van sy komponente aan te toon. (8)

6.4 Verduidelik bronne van finansiering vir besighede. (8)

### BESIGHEIDSROLLE

6.5 Identifiseer die spanontwikkelingstadium wat van toepassing is op elkeen van die stellings hieronder:

6.5.1 Gedurende hierdie stadium ontmoet en leer ken die spanlede mekaar.

6.5.2 Die stadium waar die ware karakter van ŉ persoon na vore kom.

6.5.3 Spanlede is gemotiveer en werk saam. (6)

6.6 Adviseer besighede oor die rol van werkplekforums om konflik op te los. (8)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

6.7 Noem VYF tipes verpakking. (5)

6.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **CLEAR WATER (EDMS.) BPK.** |
|---|
| Clear Water (Edms.) Bpk. botteleer en versprei gebottelde water. Die totale koste om 10 000 bottels water te produseer is R40 000. |

Bereken die volgende:

6.8.1 Produksiekoste per bottel (3)

6.8.2 Verkoopprys per bottel as hulle 40% wins op die kosprys wil maak (4)

6.8.3 Wins as hulle al 10 000 bottels verkoop (4)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op elke vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op ŉ nuwe bladsy, VRAAG 8 op ŉ NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWING

| |
|---|
| Arbeidsverhoudinge reguleer die verhouding tussen werkgewers en werknemers. Vakbonde bevorder arbeidsverhoudinge, maar werknemers kan industriële aksie in die vorm van stakings en sloerstakings neem. |

Met verwysing na bostaande stelling:

- Verduidelik die verskil tussen ŉ staking en ŉ sloerstaking.
- Bespreek die negatiewe impak van stakings op besighede.
- Beskryf die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge.
- Adviseer besighede oor die funksies van vakbonde in die bevordering van arbeidsverhoudinge. **[40]**

### VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

| **SNOWY BAKKERY** |
|---|
| Rick en Jacob bestuur ŉ bakkery die afgelope vyf jaar. Hulle stem saam dat hulle hul besigheid wil uitbrei. Rick het voorgestel dat hulle meer takke in ander stede moet oopmaak. Jacob dink dit sal beter wees om hulle besigheid as ŉ konsessie (franchise) te registreer. Hulle besluit hulle het meer inligting oor konsessies (franchises) nodig. |

Snowy Bakkery het jou as onafhanklike besigheidskonsultant gevra om hulle van meer inligting te voorsien. Jou verslag moet die volgende insluit:

- Brei uit op die betekenis van konsessie (franchise).
- Verduidelik die voor- en nadele van die konsessie (franchise).
- Bespreek die TWEE partyebetrokke by ŉ konsessie (franchise).
- Adviseer Snowy Bakkery oor die kontraktuele implikasies van ŉ konsessie (franchise). **[40]**

**VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE**

| |
|---|
| Die veranderende omgewings waarin besighede sake doen is baie stresvol. Besighede moet krisisverwante kwessies kan hanteer. |

Met verwysing na die bostaande stelling:

- Brei uit oor die betekenis van stres en krisis.
- Verduidelik die effek wat stres op ŉ besigheid het.
- Bespreek VIER redes waarom daar weerstand teen verandering kan wees.
- Beveel maniere aan waarop besighede besigheidsverwante krisisse kan hanteer. **[40]**

**VRAAG 10: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

| |
|---|
| Brian het onlangs van Komani Electrical bedank om by Wild Coast Electrical as bestuurder aan te sluit. Komani Electrical moet die nuwe posisie adverteer en moet die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet nr. 55 van 1998) in ag neem wanneer die nuwe aanstelling gemaak word. |

Verwys na die bostaande scenario en skryf ŉ opstel wat die volgende aspekte dek:

- Omskryf in breë trekke die seleksieprosedure wat gevolg moet word om die mees geskikte kandidaat te identifiseer.
- Verduidelik die wettige vereistes van die indiensnemingskontrak waaroor beide Komani Electrical en die nuwe werknemer moet saamstem.
- Beskryf die aspekte wat in ŉ induksieprogram ingesluit moet word.
- Adviseer Komani Electrical oor hoe om aan die Wet op Gelyke indiensneming te voldoen wanneer nuwe aanstellings gemaak word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**
**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou